Dr Edwin Hertzog, Voorsitter van die Raad van die Universiteit Stellenbosch, het in September die sooispit-seremonie vir die oprigting van 'n nuwe navorsing-sentrum ter waarde van etlike miljoene rande waargeneem.



*Van links is mnr Hein Visser van Van Biljon en Visser Argitekte; prof Julian Smith, Viserektor: Bedryf; prof Bernard Lategan, Direkteur van Stias; dr Edwin Hertzog, Voorsitter van die Raad; prof Walter Claassen, Viserektor: Navorsing; me Lauretta Maree, Uitvoerende Burgemeester van Stellenbosch; prof Chris Brink, Rektor en mnr Willie van Rooyen, die boukontrakteur (FCS Konstruksie).*

# Sooispitseremonie

## vir nuwe Navorsing- en Konferensiesentrum gehou

Die Navorsing- en Konferensie-sentrum (NKS) word gebou op Mostertsdrift wat ook die tuiste is van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (Stias). Die NKS sal die kern van die Instituut se navorsings-aktiwiteite wees.

Werkruimte vir navorsingsgenote in aparte studiekamers, oop areas vir inter-aksie en 'n veeldoelige konferensie-fasiliteit vir 150 mense, tesame met wegbreekfasiliteite, sal deel uitmaak van die Sentrum.

Volgens prof Bernard Lategan, Direkteur van Stias, verskaf die NKS die afsondering wat vir intensiewe en kreatiewe denke benodig word, maar "stimuleer terselfdertyd kreatiewe inter-aksie deur die deel van idees, die aan-moediging van gesprek en die soeke na nuwe oplossings. Dit verskaf 'n geleentheid vir die verbeeldingryke 'ontmoeting van geeste' in die breedste sin en snoer diverse ondervindings, perspektiewe en oortuigings saam."

Stias is die enigste multidissiplinêre instituut vir gevorderde navorsing in Afrika en is in 2000 deur die Universiteit gevestig. Dit het in 'n betreklik kort tydperk baie suksesvolle navorsingsprogramme van stapel gestuur wat vir die land, die kontinent en die wêreld van spesifieke belang is. Die vernaamste uitdaging is om die intellektuele leierskap wat Afrika desperaat benodig, te koester en te behou. Ten einde die verlies van die beste denkers en belowendste jong leiers teë te werk, verskaf die Instituut 'n geleentheid vir hoëvlak-navorsing en intellektuele ontwikkeling in 'n internasionale konteks. Tans lok Stias van die wêreld se voorste geleerdes en ontvang dit toenemend internasionale erkenning.

Befondsing vir die NKS is deur die Marianne en Marcus Wallenberg-stigting van Swede verskaf.

Die NKS is deur Van Biljon & Visser Argitekte ontwerp en sal na verwagting teen September 2007 voltooi wees.

- *Kontak prof Bernard Lategan by tel 021 808 2185 of per e-pos by bcl@sun.ac.za vir meer inligting.*



*SACEMA is housed in the old wine cellar at Mostertsdrift.*

# University launches new Centre of Excellence to combat disease

The pressing need for South Africa to develop world-class capacity in the quantitative understanding of the emergence and spread of major diseases, and how best to combat them, has been highlighted starkly by the HIV/Aids pandemic and the associated explosion of TB. This need is further underlined by the continuing threat of vector-borne diseases, principally malaria, throughout Africa.

The University's efforts in answering this call have been recognised through the establishment at Stellenbosch University of the DST/NRF Centre of Excellence in Epidemiological Modelling and Analysis (SACEMA).

SACEMA, the first national research institution of its kind in Africa, is a national organisation dedicated to the modelling of disease transmission and progression, focussing on South Africa's major health challenges. SACEMA provides research facilities and a stimulating environment in which scientists can interact productively, transcend disciplinary or institutional boundaries and engage innovatively and imaginatively with fundamental issues in epidemiology.

This exciting research project combines mathematics, statistics, biology and medical research and was launched at the University by 25 South African and international scientists. Funding for the project was obtained from the Depart-ment of Science and Technology (DST).

SACEMA is one of only seven national DST/NRF Centres of Excellence, two of which are hosted in Stellenbosch and one jointly between Stellenbosch and the University of the Witwatersrand.